



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Rede nr. 97

BEELDENDE KUNSTE AAN DIE PU VIR CHO

A.J.N. VON S. VENTER

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
2520 POTCHEFSTROOM
Suid-Afrika
1984

Die Universiteit hou hom nie verantwoordelik vir die menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
2520 POTCHEFSTROOM
Suid-Afrika**

The University does not hold itself responsible for the opinions expressed in the publications.

Inquiries in connection with the *Wetenskaplike Bydraes* must be addressed to:

**The Director
Central Publications Department
Potchefstroom University for CHE
2520 POTCHEFSTROOM
South Africa**

© 1984

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

ISBN 0 86990 781 6

INLEIDEND

Ons is bevoorreg om in 'n besondere tydvak van die mens se geskiedenis te lewe, 'n tyd van asemrowende prestasies en ongekende vooruitgang op elke gebied. Die volledige ontplooiing van die inherente potensiaal van die menslike gees is skynbaar meer as ooit tevore binne die bereik. Maar ons leef terselfdertyd ook in 'n tyd van groot spanning waartydens elemente, meestal wesensvreemd aan die Christelike lewensbeskouing, lustig besig is om te woeker in die binnekamers van die Westerse beskawing en tot op groot hoogte reeds daarin geslaag het om ons moderne gemeenskap volgens hulle insigte en doelwitte om te buig. Hierdie omvattende en meedoënlose proses is reeds in so 'n gevorderde stadium dat 'n mens kan praat van 'n Westerse beskawing wat in sy geheel besig is om onafwendbaar 'n volgende grondige omwenteling in sy geskiedenis te ondergaan.

Die ontwikkelingsgang van die kuns, en in besonder die beeldende kuns, weerspieël die aard en temperament van hierdie radikale veranderinge besonder duidelik in sy wye verskeidenheid van openbaringsvorme.

'n Beeldende kunsdepartement aan 'n universiteit is onlosmaaklik gekoppel aan en vorm deel van die kunslewe van die land waarin hy hom bevind. Dit is vir sy dienslewering, vir sy lewensvatbaarheid, ja, vir sy blote bestaan in 'n besondere sin afhanklik van en intiem verbind aan hierdie lewensaar. Wisselwerking tussen so 'n departement en sy breëre kunsmilieu is dus van groot belang, en hy sal veel armer wees indien hierdie wisselwerking nie positief benut word nie. Gevolglik wy ek 'n groot deel van my bespreking juis hieraan, sodat sekere standpunte wat ek ten opsigte van kernaangeleenthede inneem, daardeur beter in perspektief gesien kan word.

Die omwentelinge tans vaardig in ons samelewing bring ook ingrypende strukturele verandering mee wat opvoedkundiges oor die hele wêreld dwing om gevestigde opvoedingsbenaderings voortdurend onder die vergrootglas te hou, en ons word daaraan herinner dat ons besig is om jongmense toe te rus vir diens in 'n samelewing wat toenemend gaan verskil van dit waaraan ons gewoond is. In hierdie verband sal ons moet erken dat ons natuurlikerwys geneig is om ons opvoedingsmodelle eerder op die ervaring van die verlede te baseer as om dit op die toekoms te projekteer.

Om hierdie rede ag ek dit ook nodig om die opvoedingsituasie in die primêre en sekondêre vlak as deel van die kunsmilieu by die bespreking te betrek, omdat dit vir ons onderrigsituasie besonder aktueel is, nie net omdat ons studente vir die onderwys oplei en die meerderheid van ons afgestudeerde studente 'n heenkome in die onderwys vind nie, maar ook vanweë die mate van gemeenskaplikheid in doelstelling, behadering en toepassing wat daar tussen tersiêre en die ander onderwysvlakke bestaan.

DIE MILIEU VAN DIE BEELDENE KUNS

Om 'n duidelike beeld te vorm van die omstandighede waarbinne 'n Beeldende Kunstedepartement moet funksioneer, is dit eerstens nodig om aandag te gee aan die breë kunsmilieu, wêreldwyd sowel as plaaslik, aangesien ontwikkelinge op die breë front ook implikasies meebring vir die benaderings- en onderrigstrategie wat in hierdie departement toegepas word. Uiteraard kan daar ten opsigte van 'n omvattende aangeleentheid soos hierdie slegs oorsigtelike opmerkings gemaak word.

Die beeldende kunste in die Westerse wêreld het in hierdie eeu met toenemende momentum ontwikkel tot een groot, goed georganiseerde instelling as 'n gevestigde belang in die samelewing, 'n instelling wat in 'n sekere sin ook 'n magsfaktor geword het waarmee rekening gehou moet word. Die manifestasies van hierdie kuns in die gemeenskap kom in 'n oneindige verskeidenheid voor as 'n weerspieëling van die Westerse kultuur, sy leefwyse en lewensopvattinge, van die gees van ons tyd. In hierdie opset beklee die kunstenaar 'n besondere posisie en speel 'n deurslaggewende rol as *die* persoon wat die ideale en strewes van die gemeenskap moet vertolk.

Hierdie instelling van kuns vind egter nie net in die lewensfeer van die volwassene vergestaltung nie maar funksioneer ook in die gemeenskap se opvoedkundige instellings, waar die gekoesterde opvoedingsideale vir die burgers van môre en oormôre hulle beslag in die skoolprogramme kry. Lewensopvattinge, kunsbeskouings, tegniese ontwikkelinge en selfs ideologiese opvattinge vind dan ook op regstreekse of onregstreekse wyse hulle weerklank in die kunsopvoeding van 'n land en kan ongetwyfeld 'n positiewe of negatiewe invloed uitoefen. Juis omdat kuns nooit

neutraal is nie, omdat dit as menslike skepping die kunstenaar se menslikheid openbaar (sy gees, sy insig, sy gevoel en sin vir skoonheid, sy verbeelding), kan dit nie aanvaar word dat kuns slegs outomaties gesond en verrykend kan wees nie. Dit is dan ook noodsaaklik dat ons ons met 'n oop gemoed moet vergewis van die wyse waarop kuns as magsfaktor in sekere sin 'n invloed op ons kultuurbeoefening uitoefen. Vervolgens dan enkele gedagtes oor die huidige stand van die Westerse kultuur en sy kuns.

Kultuur in die smeltkroes

Erkende denkers op die gebied van kuns is dit eens dat ons Westerse kultuur 'n intense proses van gisting beleef wat hoofsaaklik geestelik van aard is en alle aspekte van ons gemeenskap ingrypend beïnvloed. Die grondoorsake vir hierdie wêreldwye proses moet volgens Huyghe gesoek word by niks minder nie as die verkrummeling van 'n eertyds agrariese beskawing, wat vir sy voortbestaan op die bewerking van die grond aangewys was, 'n beskawing wat 'n essensieel konserwatiewe lewenswyse in die hand gewerk het met min aansporing vir innovasie en eerder die klem op kwaliteit en verfyning gelê het. Met die koms en produksie van energie word die beperkings van die natuur deurbreek en nuwe weë geopen vir versnelde ontwikkeling en ontdekking wat uiteindelik op die gebruik van atoomenergie uitloop en ruimterise moontlik maak. Uit hierdie omvattende proses het gaandeweg 'n 'nuwe' mens na vore getree, wie se behoeftes die aard van die hele samelewing grondig laat verander het. Spoed bring nog 'n ander dimensie by — tyd- en ruimtebeperking word deurbreek en veroorsaak sekere intellektuele en emosionele veranderinge: 'n ongeduldigheid vir die toekoms. Die nuwe en onverwagte vervang die konserwatisme van die verlede, intensiteit word hoër geag as kwaliteit. Uitbreidende stadsgemeenskappe noodsaak nuwe beginsels vir sosiale en politieke strukture. Bewyse van die verwerping van die verlede en daarmee gepaardgaande die uitskakeling van gevestigde norme is duidelik in die daaglikse lewe rondom ons te sien. Kultuur, altyd 'n geestelike refleksie van beskawing, is op sy pad van sistematiese aftakeling; die simptome hiervan kan duidelik in die kuns waargeneem word.

Die kuns van die twintigste eeu

In die koor van stemme wat met woord en geskrif die snel opeenvolgende

verwikkelings op die terrein van die kuns bepel, is daar ook diegene wat diep besorg is oor die rigting van oënskynlike selfvernietiging waarheen die kunsstrominge van die afgelope 150 jaar lei. Read vestig die aandag op die feit dat die beskawing, waarvan kuns en gemeenskap twee onskeibare entiteite is, gevaar loop om esteties magteloos te word vanweë die progressiewe skeiding van menslike vermoë en die prosesse van die natuur. Hy verklaar dat daar vandag nêrens 'n kunsstyl te vinde is wat spontaan uit die basiese sosiale en ekonomiese werklikhede van ons lewenswyse ontspring het nie. Huyghe het reeds twintig jaar gelede verklaar dat hy in die 20ste-eeuse kuns 'n radikale poging sien om geïkoneerde waardes te hersien en die visuele kunste op revolusionêre grondslae te vestig. Rookmaaker kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekkings en verduidelik in sy boek *Modern art and the death of a culture* hoe die wêreldbeskouing sedert die Eeu van die Rede tot die barokskap van die Westerse kultuur aanleiding gegee het.

Barzun gee in 1973 in 'n reeks insiggewende lesings 'n uiteensetting van die historiese ontwikkeling van ons houding ten opsigte van kuns oor die afgelope 150 jaar. Daarin meen hy dat die huidige 'n periode van kulturele likwidasië is, die einde van 'n moderne era wat vanaf die Renaissance strek.

Uit die geskrifte van sodanige en baie ander skrywers word dan in geen onseker taal nie die wese van die Moderne Kuns blootgelê in terme van sy dieperliggende ideologiese grondslag, sy verwerping van alle bande en norme, sy beskouing van die kunstenaar as 'n vry en ongeboonde mens en die wyse waarvolgens die element van ondermyning, onbewus of bewus, subtiel of openlik, in hierdie hele komplekse proses 'n prominente rol speel. As gevolg van die humanistiese lewensbeskouing veral in sy huidige vorm van Eksistensialisme en Neo-Marxisme het die kunstenaar gevorder van 'n eertydse meestervakman tot die uiterste siening dat hy 'n heel besondere soort mens is wat tot die geestelike elite behoort, vry van alle bande en beskerm in 'n onaanraakbare ivoortoring. Hy predik die hoë moraliteit van kuns en repudieer die aspek van nuttigheid. Met behulp van die beginsel van die NUWE word die kunstradisie van die verlede stelselmatig onder verdenking gebring en sodoende afgetakel. Die intellektuele agitasië wat kuns omgewe, produseer 'n selfgenererende avant-garde. Die kunswerk is 'n wêreld in sigself, outonoom en onafhanklik, ongeag die idees, gevoelens of verwagtings van die gemeenskap waaraan dit in die eerste plek sy ontstaan te danke het.

Tereg kan nou die vraag gestel word of daar nog enige sin en betekenis in steek om voort te gaan met die beoefening van 'n kultuurvorm wat, soos nog nooit tevore nie, deur so 'n uiteenlopendheid van stylvorme en rigtings gekenmerk word waarvan sommige uiterstes daarop afstuur om hulleself uiteindelik te vernietig. Hierop kan daar slegs een antwoord wees, naamlik 'n eenvoudige ja! Beeldende kuns beklee 'n onbestrede plek in die kultuurakker, en 'n betwyfeling van sy bestaansreg vanweë die menslike gebrokenheid wat ons daarin sien, kom neer op die miskenning van sy eie, deur God gegewe bestaansreg. Trouens, denkers koester elk sy eie hoopvolle toekomsvisie dat daar noodwendig 'n nuwe era uit hierdie smeltkroes moet voortvloei. Read, byvoorbeeld, se antwoord hierop is 'n hervorming van die gemeenskap deur middel van sy wêreldbekende filosofie van 'opvoeding deur kuns'. Huyghe stel sy hoop op 'n konstruktiewe fase wat ons epog moet bereik indien dit nie artistieke selfmoord wil pleeg nie, en sien dat aan die einde van hierdie 'oorboord-gooi'-proses 'n vernuwende beginsel vir die toekoms te voorskyn moet kom. Hy meen dat hierdie beginsel rondom die begrip ENERGIE sal ontwikkel en dat ons die beginpunte daarvan reeds in die 19de eeu kan opmerk. Barzun weer meen dat ons na die totale uitkakeling van 500 jaar lange oorontginning en selfdestruksie die totstandkoming van 'n nuwe kuns en kultuur sal sien as die resultate van die verskyning van 'n nuwe mens. Rookmaaker is daarvan oortuig dat 'n ware reformasie van nie net die Christendom nie maar ook van die hele Westerse wêreld 'n vernuwing van ons kultuur teweë sal bring.

Waar dit by die Christen juis gaan om voortdurende reformasie, van vernuwing van die lewe in al sy fasette, bied die moderne kuns ten spyte van sy negatiewe tendense, geen onoorbrugbare struikelblok vir die Christelike lewensbeskouing nie. Al wat nodig is, is om in alle gehoorsaamheid gehoor te gee aan die eeue-oue oproep van die Skrifte tot voortdurende reformasie: wanneer die hart van die mens eers reg ingestel is, sal dit nie meer nodig wees om, soos ons vandag, diep bekommerd te wees oor die produkte van 'n tydgees wat te voorskyn kom nie. Vanuit hierdie uitgangspunt is daar dan ook die vrymoedigheid om met onderskeiding uit ons hele kunserfenis te neem dit wat die toets van die waarheid kan deurstaan en met blymoedigheid en vertroue as medearbeiders aan 'n hoopvolle toekoms te help bou. Want ten spyte van die anargistiese temperament van 'n deel van die hedendaagse beeldende kuns bly dit egter ook waar dat die ware kunstenaar, getrou aan die wese en aard van kuns, op die voorposte gevind sal word, waar

die voelers uitgesteek word ter verkenning van altyd nuwe terreine van die geestelike lewe, terwyl kunstenaars wat nie bereid is om dit op die voorposte te waag nie, moet worstel met die nagmerrie van 'n 'herhaal wat reeds oor 500 jaar gesê is'. Dié bestaan van 'n groot mate van vervreemding tussen die kuns en die gemeenskap is 'n algemeen erkende feit en word allerweë as 'n ongelukkige toedrag van sake aanvaar. Hoewel talle redes hiervoor aangevoer kan word, is dit waar dat die aard van dié eietydse kuns hierdie vervreemding aangehelp het en die kloof nog wyer gemaak het. In hierdie verband moet dit egter nie uit die oog verloor word dat die geskiedenis ons leer dat eietydse kuns nooit werklik tot 'n groot deel van die algemene publiek deurdring nie.

Die kunsmilieu in Suid-Afrika

Betrek 'n mens nou ons onmiddellike kunsmilieu hier te lande by hierdié bespreking, is daar een besondere beginsel wat telkens opval, naamlik dié van interafhanklikheid, 'n aangeleentheid wat in die ontwikkeling van sowel die kunslewe van die volwassene as die kunsbelëwing van die skoolgaande kind in ons land 'n belangrike rol gespeel het. Dit sien ons veral duidelik in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kuns wat in werklikheid basies oor 'n skamele tagtig jaar strek. Waar die aanvanklike bydraes wat betekenisvolle figure in die eerste vyftig jaar gelewer het, veelal 'n heersende konserwatisme weerspieël, het dit eers 'n toenemende getal immigrante geverg en 'n Tweede Wêreldoorlog voordat Suid-Afrika hom in 'n nuwe era bevind het en daar nuwe bewustheid en geesdrif vir die kunste ontwikkel het. Die verdere ontwikkeling tot 'n meer kosmopolitaanse gemeenskap en groter betrokkenheid by internasionale kunsstrominge het die Suid-Afrikaanse kunsmilieu binne drie dekades dramaties laat verander. Die grondliggende stimulus vir hierdie ontwikkeling is te vinde in dié voortdurende wisselwerking met verwante kultuurlande oorsee. Dit het ons kunstenaars aangespoor om weg te breek van gevestigde en verouderde opvattinge en met die moontlikhede van die gebruik van suiwer visuele elemente te eksperimenteer.

Hulle het nou met nuwe oë gekyk na ons tipiese Suid-Afrikaanse landskap, sy omgewing, sy mense en hulle bedrywighede. Hoewel daar tot op hede nog nie veel sprake van 'n tipies Suid-Afrikaanse kunsstyl is nie en vanweë die sterk invloed van internasionalisme moontlik nooit een sal wees nie, is ons inheemse kuns in die ry van wêreldkuns besig om met ferme tred sy weg na volwassenheid te vind.

Kunsopvoeding op skoolvlak is 'n ander baie belangrike komponent van ons kunsmilieu wat in sekere sin die voedingsbron van 'n land se kunsbewustheid moet wees. Hier moet die aanvoorwerk vir latere kunsbeoefening op amateur- en professionele vlak gedoen word, en dit vertoon in menige opsig ooreenkoms met die ontwikkelingspatroon van ons volwasse kuns, veral daarin dat ontwikkelinge oorsee hier nagevolg is. Om die stand van kunsopvoeding dus in perspektief te sien moet die ontwikkeling oorsee kortliks aangestip word. Voor 1850 is kuns as minder belangrik beskou weens sy 'lae 'nuttigheidswaarde' en is dan ook dienoooreenkomstig 'n plek in die onderwys toegewys. Eers teen die laat 19de eeu word die sogenaamde 'kinderkuns' erken as 'n soort kunsvorm in eie reg en begin kuns op skool enige noemenswaardige aandag kry, veral vanweë die pionierswerk van persone soos Cizek, Ablett en Richardson. Baanbrekers slaag daarin om in aansluiting by 'n nuwe beskouing van die kind en sy opvoeding 'n nuwe kunsbenadering te bied. Hieruit spruit dan voort die sogenaamde vrye ekspressiebenadering met sy bekende oorreaksie teen die voorafgaande oorbeklemtoning van handvaardigheid. Gedurende die veertigerjare van hierdie eeu word die grondslae gelê deur die werk van Cole, D'Amico, Read en Lowenfeld, leidende figure in Groot-Brittanje en die VSA, vir die ontstaan van 'n derde benadering, wat dan geleidelik tussen die twee uiterstes ontwikkel. Hierdie 'formatiewe' benadering laat die klem val op die ontwikkeling van die perseptuele, kreatiewe en estetiese vermoëns van die kind as individu.

By nadere beskouing van die huidige stand van kunsonderrig op skoolvlak in ons land kan daar gesê word dat die vak op georganiseerde wyse aangebied word, verpligtend op primêre vlak en as 'n keusevak in die sekondêre skool. Na 'n lang tydperk van redelik onopvallende bestaan het daar oor die afgelope dekade 'n nuwe bedeling in werking getree deurdat kernsillabusse op interdepartementele grondslag vir al die provinsies saamgestel is met die oog op nouer koördinering van die optrede deur die verskillende onderwysowerhede. Nieteenstaande hierdie lofwaardige poging hanteer elke provinsie nogtans sy eie toepassing volgens goëddunke en omstandighede. Die nodige onderlinge skakeling, wisselwerking en koördinering van beskikbare kragte oor die hele land wat tot die dinamiese ontwikkeling van hierdie vakgebied sou kon bydra, bly egter nog steeds 'n ideaal buite bereik — 'n feit wat ernstig te betreur is. Afgesien van hierdie nadeel het hierdie kunsrigting ook nog te doen met die vooroordeel, wanopvatting en soms oor-

drewe konserwatisme van 'n deel van die gemeenskap wat 'n stremende uitwerking op die vakrigting uitoefen. Dié uitwerking van hierdie negatiewe houding kan selfs opgemerk word in sekere onderwyskringe waar oogluikend toegelaat is dat hierdie vakrigting in die primêre skool oor 'n tydperk van bykans veertig jaar onderrig is op 'n wyse wat die toets van opvoedkundige kriteria nie sou kon deurstaan nie.

Kunsonderrig het veel meer om die lyf as die blote aanleer van vaardighede of, nog erger, 'n besigwees met 'n reeks geïsoleerde aktiwiteite. Die primêre doel is beslis nie om kinders te leer om prente, ontwerpe, beelde of artikels as sodanig te laat produseer nie; so 'n benadering sal die klem laat val op die resultate en nie op die opvoedingsproses wat die kind deur middel van sy kunsbewustheid moet deurloop nie. Opvoeding deur kuns vereis egter ook dat die leerinhoud sinvol met die selfbewussyn van die leerling moet saamval. Leeraktiwiteite moet met die leefwêreld van die kind in verband gebring word. Dié vak dien as 'n 'oefenterrein' waardeur veral die sensories-perseptuele leerwyse geaktiveer en opgevoed moet word — juis daardie leerwyse waardeur leerlinge informasie versamel en hulle konsepte vorm. Die aanbieding van die vak deur die onderwyser moet dan ook dienoreenkomstig sterker op die visuele as op die verbale ingestel word. Die bestaansreg van die vak is hoofsaaklik daarin geleë dat kunsoopvoeding regstreekse vorming kan bewerkstellig op vlakke waar ander vakkë meestal net toevallig of by geleentheid aandag aan kan skenk, naamlik dié perseptuele, die kreatiewe en die estetiese aspekte.

Wanneer die onderwerp van sensories-perseptuele leerwyse aangeraak word, is dit insiggewend om kennis te neem van navorsing wat reeds in hierdie verband gedoen is ter motivering van die belangrikheid van opvoeding deur kuns gesien in die raamwerk van die opvoeding van die kind in sy totaliteit. Rennels gee in 'n publikasie van die Universiteit van Indiana 'n oorsig van die bewustheid op hierdie studieterrrein en maak daarin belangrike afleidings wat daarop neerkom dat die Westerse beskawing tradisioneel die meeste waarde heg aan die funksies wat in die linkerbreingedeelte gesetel is — daardie deel wat die analitiese proses van lineêre denke hanteer. Hy meen dat die klaarblyklikë rede hiervoor is dat die Westering glo dat sy ontwikkeling hoofsaaklik aan die lineêre denkprosesse van taal en syfers te danke is. Verstaanbaar vind

hierdie grondliggende benadering dan ook sy neerslag in hierdie kultuurgroep se opvoedkundige stelsels. Voorts sê hy dat die gevolg van die beklemtoning van die lineêre leersisteem egter die neiging in die hand werk om die ingebore menslike vermoëns van verbeelding, visualisering en hantering van visueel-sensoriese stimulus te verwaarloos en die neurale funksionering van die regterbreinhelte aan die toevalligheid van die kind se milieu oor te laat. Volgens hom dui huidige navorsing toenemend daarop dat 'n doeltreffende leerproses afhanklik is van hoe goed die twee breinhelftes SAAM kan funksioneer. Arnheim verwys na dieselfde probleem in die voorwoord van sy gesaghebbende werk, *Art and visual perception*, wanneer hy die volgende stelling poneer: "We have neglected the gift of comprehending things through our senses. Concept is divorced from percept, and thoughts move among abstractions. Our eyes have been reduced to instruments with which to identify and to measure; hence we suffer a paucity of ideas that can be expressed in images and an incapacity to discover meaning in what we see. Naturally we feel lost in the presence of objects that make sense only to undiluted vision and we seek refuge in the more familiar medium of words"

Waar die universiteite uitsluitlik vir die opleiding van kunsonderwysers vir die sekondêre skool verantwoordelik is, is dit vanselfsprekend dat ons regstreekse belang het by kunsonderrig veral in die sekondêre skool, maar ook onregstreeks by die primêre skool omdat dit juis daar is waar die grondslae gelê en gesindhede teenoor die vak aangekweek moet word wat deurslaggewend gaan wees vir welslae in al die inrigtings waardeur die leerling daarna gehanteer gaan word.

In 'n vakrigting wat soveel opvoedkundige moontlikhede vir dinamiese ontwikkeling bied, is daar altyd ruimte vir verbetering. Die beskikbare deskundiges in hierdie vakgebied oor die hele land, waarby ingereken word die amptenare wat deur onderwysowerhede afgesonder is om die vak te administreer en as adviseurs op te tree, is heeltemal ontoereikend, juis ook as gevolg van die feit dat kuns nie een van die 'groot' vakke is nie. Derhalwe gebeur dit dat ingrypende besluite binne 'n kort tyd geneem moet word sonder dat dit deur deeglike navorsingsresultate gerugsteun word. Dit is dan juis hier waar ons Universiteit 'n belangrike inset kan lewer wat van landswye betekenis kan wees maar terselfder tyd ook verrykend op sy eie werksaamhede kan inwerk. Die praktyk het

egter ook geleer dat so 'n aksie oor die langtermyn slegs kan slaag indien 'n formele struktuur daarvoor geskep kan word. In hierdie verband méén ek dat 'n Instituut vir Kunsopvoeding, wat dan kan toespits op navorsing, kurrikulumontwikkeling, metodiekontwikkeling, aanbieding van opknappingskursusse, simposia, werkseminare ensovoorts, so 'n funksie kan vervul.

HEDE EN TOEKOMS

Wanneer die algemene klimaat van die breë kunsmilieu van die wêreld in gedagte gehou word, en daarby ook die kunsmilieu in ons eie land, kan daar enigsins 'n denkkeeld gevorm word van die enorme verantwoordelikheid wat 'n kunsdepartement soos hierdie, maar ook alle ander kunsdepartemente op tersiêre vlak, moet aanvaar. Kennis wat hier oorgedra word, houdings wat hier gekweek word, vaardighede wat hier verwerf word, gaan vir die duur van die werktyd van 'n student se lewe bepalend wees vir sy optrede.

Oor die vakterrein van die beeldende kuns in besonder word daar baie gepraat, geskryf, raad gegee en heel dikwels vanaf die kantlyn vermoedende uitsprake gelewer. Aan die indruk kan nie ontkom word dat hierdie terrein soms heel gerieflik tot swartskaap gebrandmerk word vir dieperliggende probleme in ons gemeenskap nie. Verdagmakery, wanhoopskrete en selfs geheelonttrekking gaan sekerlik nie 'n konstruktiewe bydrae lewer nie en sal die minste van alles daartoe bydra om ons jong mense te oortuig van die 'skadelikheid' van hierdie reeds diep gevestigde kultuuruiting. Hoe belangrik dan ook al die bydrae van welmenende kunsteoretici en kunsfilosowe as medekoersaanduiders in hierdie vakgebied, is dit meer as ooit duidelik dat die deurbreking na 'n meer optimistiese kunsklimaat nie op die teoretiese forum gaan plaasvind nie maar in die arena van die praktyk deur hulle wat die daad by die woord moet voeg: kunsonderwysers, dosente, studente en kunstenaars. Hierdie mense is die groep uit die gemeenskap wat die vindingryke gedagtes en planne vir oplossings van menigvuldige probleme in daad moet omskep en aan die wêreld toon hoe die antwoorde uit Christelike milieu in konkrete gestalte daar moet uitsien, wel wetende dat ons by al ons probleme nog altyd te doen sal hê met tradisionele afsydigheid en selfs kunsantagonisme by 'n sekere deel van die Christen-Afrikaner, veral sover dit die eietydse kuns betref.

Wat is dan nou die Christengelowige se antwoord op die probleme van ons tyd en hoe moet daardie antwoord in die beeldende kunste tot vergestaltung kom?

Vanselfsprekend is daar geen eenvoudige antwoord vir hierdie komplekse probleem nie en is dit in elk geval die onderwerp van voortdurende en diepgaande studie waarvoor daar moontlik nooit 'n finale antwoord gevind sal word nie. Daar moet dus volstaan word met 'n algemene standpuntinname ten opsigte van enkele kardinale sake.

Beginselstandpunt

Ten eerste kan daar geen twyfel bestaan dat die aard en werk-saamhede van die departement Beeldende Kunste ten volle versoenbaar is met die gees en karakter van ons Universiteit nie en dat die Here op hierdie besondere terrein van die lewe volgens die oerkultuuroopdrag aan die mens gedien kan word. Wetenskapsbeoefening volgens die eie aard en vereistes van hierdie vakrigting kan en moet 'In U Lig' geskied.

Plek in die wêreld

Die Christen staan nie afsydig en buite die lewenstroom asof hy te goed vir die wêreld is nie. Vanweë sy sondebeseft en eie medeaandadigheid aan die sondeverlorenheid van die wêreld is hy juis bereid om aktief aan vakbedrywighede binne die raamwerk van sy tyd deel te hê en daarvolgens sy inset te lewer. Al openbaar die kunsmilieu van ons tyd negatiewe verskynsels waarmee daar nie saamgegaan kan word nie, help dit ons nie om ons daarteen blind te staar nie, want sodoende vergeet ons dat agter die tallose en meestal diepsinnige manifestasies daar nog altyd die werklik vormende en diep lewende geeste van ons tyd bedrywig is om op tipiese moderne wyse die vorm waarin die lewe onophoudelik gegiet word, vir ons suiwer weer te gee. Ons is dus daarop aangewys om binne-in hierdie struktuur ons lig te laat skyn. Indien ons pogings enige oorreringskrag besit, indien ons werk enigsins die kwaliteit besit wat die aandag van ons kollegas werd is, sal ons wel 'n betekenisvolle bydrae kan lewer.

Christelike kuns

Waar daar dan van 'n Christelike benadering van kuns sprake is, is die bedoeling dat 'n spesifieke Christelike kuns tot stand moet kom? Christelikheid in dié kuns is nie 'n aangeplakte saak nie, nie 'n kapstok waaraan dié Christelike kleeft opgehang moet word nie. Dit lê eerder in die gees waardeur die werk tot die aanskouer spreek. Dit is die kunstenaar se gees, sy insig, sy gevoel en sin vir skoonheid, sy verbeelding en sy subjektiwiteit wat deur die werk tot uiting sal kom. As al hierdie aspekte in 'n Christengelowige gemoed veranker is, sal die boodskap duidelik oorgedra word. Kuns wat deur die Christen geskep word, moet in die eerste plek voldoen aan die wetmatighede wat aan die kuns eie is.

Norme

'n Baie aktuele en omstreden aangeleentheid is die norme wat dan vanuit Christelike standpunt in hierdie vakrigting toegepas moet word. Dit is heel natuurlik om na 'n bepaalde stel norme en wette te soek sodat daar presies vasgestel kan word hoe dinge behoort te wees, veral in ons tyd waar 'n sterk tendens bestaan om 'n statiese stel waardes te verwerp en 'n kunswerk onvoorwaardelik as kuns aanvaar te wil hê. Die mens is egter daarop aangewys en die vryheid gegun om self te bepaal wat die aard van sy norme moet wees. Daarvoor het hy die Bybel as onfeilbare rigtsnoer waarin daar vanselfsprekend geen regstreekse voorskrifte vir 'n besondere saak soos hierdie gevind kan word nie, maar die gees daarvan ons in staat stel om as redelike wesens self te bepaal of dié moontlikhede in 'n kunswerk ten goede of ten kwade gehanteer is.

HEDE EN TOEKOMS

Na 'n bestaan van tien jaar as studierigting aan ons Universiteit bied die ervaring van die verlede 'n ryke bron waaruit geput kan word vir die prosés van kontinue bepaling van toekomsgerigte onderrigstrategie. Met hierdie prosés is die departement reeds meer as twee jaar lank besig en is daar indringend gekyk na die doel van opleiding, onderrigbenadering, strukture van kursusse en inhoud van sillabusse met die doel om die onderrig steeds doeltreffender te maak tot die voordeel van die studente.

Die huidige onderrigbenadering is nog hoofsaaklik op die lees van tradisionele metodes geskoei, maar daar is ook reeds 'n sterk bewustheid dat daar gesoek moet word na metodes wat 'n sterker toekomsgerigtheid as inslag sal hê. In hierdie verband word beseft dat die vorming van die student in sy totaliteit as volwaardig gevormde kultuurmens die gevaar loop om te versplinter indien skeppende vakke as geïsoleerde eenhede aangebied word. Spesialisasie mag nie ten koste van integrering geskied nie, want dan word die student se eenheidsontwikkeling uit die oog verloor. Hierdie beginsel van interafhanklikheid is nie net op skeppende vakke onderling van toepassing nie maar moet ook sover prakties moontlik na vakke buite die departement deurwerk. In hierdie verband word veral gedink aan Kunsgeskiedenis, wat as die ander hoofvak vir die BA(BK)-kursus 'n baie belangrike en gewaardeerde aandeel neem in die estetiese vorming van die student vanuit die gesigspunt van hierdie besondere dissipline.

Die nuutgestigte Anatomiedepartement behartig reeds 'n deel van die kursus Anatomie vir Kunstenaars, en reëlins is ook getref dat van ons Ontwerpkunsstudente sekere kursusse in die departement Kommunikasiekunde kan volg, wat 'n aansienlike verryking van hulle BK-kursus tot gevolg sal hê.

Die beeldende kunsstudierigting aan ons Universiteit moet ook 'n sinvolle ewewig weerspieël tussen prakties en teorie, tussen kunsbeoefening en die meer streng akademies teoretiese werk. Hier moet die wagwoord geld dat die skeppende komponent steeds die swaartepunt sal vorm, maar dat ook die teorie 'n onontbeerlike grondslag moet uitmaak wat daadwerklik moet meehelp tot die vorming van Skrifgefundeerde lewens- en wêreldbeskouing, met besondere toepassing op die kunsrigting, wat die student sal ondersteun in en rigting gee aan sy skeppende werk en sy vermoë om intelligent oor kuns te kan praat en skryf.

Sover dit die toekomstige ontwikkeling van hierdie departement betref, sal die bestaande BA(BK)-kursus die basiese kursus bly, met spesialiseringsrigtings in Beeldhoukuns, Grafiese Kuns, Skilderkuns en Ontwerpkuns. Enigeen van hierdie spesialiseringsrigtings kan nou opgevolg word met 'n MA(BK)-graadkursus, wat pas goedgekeur is. Sonder om aan die bestaande benadering afbreuk te doen, sal die beroepsrigtheid

van kursusse sterker onder die soeklig kom veral sover dit die voorbereiding vir die onderwys asook Ontwerp vir die privaatsektor betref.

Gedurende die eerste tien jaar van hierdie jong departement is daar reeds veel tot stand gebring, en hiervoor moet almal wat daaraan help botu het, die volle eer kry. Dat daar nog veel ruimte vir ontwikkeling en verbetering is, sal niemand ontken nie. Dit is egter 'n feit dat nieteensstaande harde werk wat voorlê, en knelpunte wat eers met die tyd uit die weg geruim sal kan word, alle tekens daar is dat ons reeds die volgende tien jaar met goeie verwagtings binnegegaan het. In hierdie verband is daar die vooruitsig dat ons hopelik nog hierdie jaar die geskiedkundige moment gaan beleef dat ons Heimat as die kerngebou van ons departement mag betrek, waardeur die knelling van ontoereikende akkommodasie oor etlike jare finaal opgelos kan word. Vir hierdie tegemoetkoming wil ons graag ons opregte waardering aan die Universiteitsowerheid betuig — dit is vir ons terselfdertyd 'n simboliese gebaar van vertroue wat in ons as departement gestel word, en dien as aanspooring om met vasberadenheid verder te bou.

Ten slotte word die vertroue uitgespreek dat daar in hierdie departement altyd die vitaliteit, die toewyding, die wellewendheid en lewensblymoedigheid van die ware Christen gevind sal word wat nodig is om die grondslae te verstewig van 'n departement wat deur sy dienslewering 'n waardige bydrae sal lewer aan almal maar in besonder aan daardie deel van die gemeenskap wat die PU vir CHO ondersteun weens sy gees en karakter van onvoorwaardelike Christelikheid.

BRONNELYS

ARNHEIM, R. 1974. Art and visual perception: a psychology of the creative eye. Revised edition. Berkeley: University of California Press.
BARZUN, J. 1973. The use and abuse of art. The A.W. Mellon lectures in the Fine Arts, Bollingen Series XXXV-22. Princeton: Princeton University Press.

BERMAN, E. 1975. The story of South African Painting. Cape Town: Balkema.

CARLINE, R. 1968. Draw they must: a history of the teaching and ex-

amination of art. London: Edward Arnold.

LOWENFELD, V. and BRITTAIN, W.L. 1975. Creative and mental growth. Sixth edition. New York: Macmillan.

HUYGHE, R. ed. 1965. Art forms and society. Larousse Encyclopedia of Modern Art. London: Hamlyn.

READ, H. 1943. Education through art. London: Faber and Faber.

RENNELS, M.R. 1976. Cerebral symmetry: an urgent concern for education. Viewpoints: *Bulletin of the School Education, Indiana University*, 52 (3).

ROOKMAAKER, H.R. 1962. Kunst en Amusement. Kampen: Kok.

ROOKMAAKER, H.R. 1970. Modern art and the death of a culture. London: Inter-Varsity Press.